# Die Stem van die Martelare

Augustus 2024



Demokratiese Republiek van die Kongo

## VORENTOE

### DEUR DIE VUUR

FOTO-UITGAWE

“Dink aan die gevangenes asof julle medegevangenes is.” Heb 13:3














# Die Vreugde van Diegene wat Verloor Het

Hierdie Nuusbrief, ons foto-uitgawe vir 2024, is 'n kragtige bewys van die blydskap van die Here, wat die gevalle wêreld se ergste omstandighede van lyding en verlies oortref.

Tienduisende van ons Christenbroers en -susters in die noordoostelike grensgebied van die Demokratiese Republiek van die Kongo (DRK) gaan gebuk onder lyding. Hulle het huise, plase, vee, kerke en familielede verloor. Veiligheid,
sekuriteit en selfs waardigheid is van hulle weggeneem, maar vanweë hulle ewige hoop in Christus, het hulle 'n vreugde en vrede wat hulle aanvallers nie kan vernietig nie.

Die Islamiete wat ons Christenfamilie in die DRK aanval, trotseer 'n ander soort lyding. Hulle is verlore. Hulle pleeg moord en seksuele aanranding in die naam van 'n vals godsdiens. Sonder vrede of vreugde. Trotseer 'n ewigheid weg van God, in die Hel.

Pasop vir enigiemand wat u probeer oortuig dat getrouheid aan God lyding in hierdie wêreld uitskakel. Daardie idee weerspreek die gehoorsame offers van God se getroue dienaars regdeur die Skrif, alle ander martelare deur die kerkgeskiedenis en, die belangrikste, Jesus Christus ons Here. Vir die ewige betekenisvolle vreugde wat voor Hom gestel is, het Hy dié gevalle wêreld se tydelike lyding aan die kruis gedra (Hebreërs 12:2). Ons Here het gehoorsaam gely in plaas van om verlos te word van die pyn (Lukas 22:42), en deurgaans in baie situasies in ons lewens, word ons geroep om dieselfde te doen. Om goed te ly, tot God se eer, is wat dit beteken om soos Christus te wees.

Alles wat ons by SVM doen, het ten doel om ons roeping te vervul om u in gemeenskap te bring met ons vervolgde Christenbroers en -susters. Ons bring hul ware getuienisse van geloof na u sodat u deur hulle voorbeeldige geloof geïnspireer sal word en hulle sal onthou (Hebreërs 13:3), en hulle lot verstaan asof u in hulle plek is. Hierdie soort van begrip lei ons altyd om vir hulle te bid, en dan rig die Here elkeen van ons oor hoe ons hulle kan bedien.

Kortliks, ons probeer om God se wil te sien geskied op aarde soos in die hemel. Elke persoon wat u deur hierdie nuusbrief sal ontmoet, en duisende ander in die DRK, sal verenig word net soos *"hulle almal een mag wees, net soos U, Vader, in My en Ek in U..."* (Christus se hoëpriesterlike gebed, Johannes 17:21). Terwyl ons eenheid van liefde en gemeenskap uitbeeld aan vervolgde lede van Christus se liggaam wat gely het, is ons 'n kragtige getuie vir die verlorenes – insluitend die vervolgers wat hulle aanval. Christus het gebid dat ons sal wees *"Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees; en dat die wêreld kan weet dat U My gestuur het, en hulle liefgehad het net soos U My liefgehad het."* (Johannes 17:23).

Mag hierdie nuusbrief 'n rol speel in die feit dat daardie gebed bewaarheid word.

Ashley

***Op die voorblad:*** Om hulp aan Christene in die DRK te verleen, het 'n uitwerking op verlorenes. Toe 'n gemeenskap verneem dat die kerk hulp gaan verleen, het hulle gesê: "Wat kan die kerk voorsien?" Hulle het nog net gesien hoe die NRO's enige soort van humanitêre hulp vir die lyding aanbied. Mense was nogal geskok om te sien hoe kerke saamwerk om behoeftiges te help.



## ‘n Geleentheid vir Nuwe Groei Te Midde Van Voortdurende Bedreigings

Onder die welige groen blaredak van ‘n reënwoud in die Demokratiese Republiek van die Kongo (DRK), lê verlate huise en hele dorpe wat deur die oerwoud herwin is. Hulle voormalige bewoners, miljoene Kongolese, is gedwing om te vlug weens aanvalle van die meer as 100 gewapende militantegroepe wat die streek vir etlike dekades geterroriseer het. Terwyl die DRK oorwegend Christen is, het Islam ‘n groeiende invloed en sommige van die militantegroepe hou by Islamitiese oortuigings. Een so ‘n groep is die *Allied Democratic Forces (ADF)*, wat aktief is in die noordoostelike DRK. Die ADF het sy voorneme om Christene uit te roei en deurgaans Islamitiese wette in die omgewing te vestig, openlik verklaar. Maar Christenleiers sê die land se jeugdige bevolking, met ‘n gemiddelde ouderdom van ongeveer 16, verskaf vrugbare grond vir bevordering van die Evangelie.



## Die Kruis Is Alles

Vroeg in 2023 het ADF-militante 'n Dwergdorpie in die oostelike DRK, waar Moses en Marie Bayaga gewoon het, aangeval. Vyf van die egpaar se volwasse seuns is in die aanval vermoor. "Hulle het plek-plek met gewere geskiet," het Moses gesê, "en die kinders en die mans gevind en hulle met messe en kapmesse doodgemaak." Oorlewendes van die aanval het uit hul boshuise gevlug en skuiling in 'n kamp vir intern ontworteldes gaan soek. Maar selfs in hierdie kampe trotseer Dwerge dikwels diskriminasie as gevolg van hul relatief klein gestalte. Toe sommige Christene naby Moses en Marie se kamp die egpaar ontmoet het, het hulle begin om hulle van kos en voorrade te voorsien, en hulle het ook die Evangelie aan hulle verkondig. Alhoewel Dwerge oor die algemeen aan tradisionele, animistiese oortuigings vasklou, het Moses en Marie die Christene se Goeie Nuus verwelkom. "Deur al hierdie worstelinge het ons tot die begrip gekom dat die kruis alles is," het Moses gesê. "God is die een wat kan voorsien en hulp verleen."

## Gee die Pyn vir Christus

Luce Ibara se dorpie is in Augustus 2022 deur ADF-militante oorval. Die aanvallers het 'n paar dorpenaars vermoor en ander ontvoer, insluitend haar 12- en 18-jarige dogters. Luce het sedert hul ontvoering nog niks van haar dogters gehoor nie en vrees dat hulle vermoor is. Tydens die aanval het sy en haar man, 'n kerkleier, vir hul lewe gehardloop en alles wat hulle besit het, agtergelaat. Luce is dankbaar vir 'n nuwe Bybel wat sy ontvang het tydens haar eerste besoek aan 'n hulpverspreidingsentrum wat deur SVM en 'n plaaslike kerk geborg is. "My geloof in Christus is baie sterk en dit is wat my deur die bitterheid, pyn en wonde gedra het," het sy gesê. "Ek het sopas daardie pyn en bitterheid vir Christus gegee, en Hy is die een wat my onderhou het."





## Ek Kan Glimlag

Kimboti, haar agt kinders en ’n swanger buurvrou is diep in die bos ingedwing nadat ADF-militante hulle in 2022 uit hul dorp ontvoer het. Kimboti het gedink hulle sal almal vermoor word, maar twee dae daarna het ’n wag hulle skielik vrygelaat en vir hulle gesê om te hardloop. Hulle het ure lank gehardloop, met ouer kinders wat jonger broers en susters gedra het, gereeld die liggame van mense wat deur die ADF vermoor is, verbygesteek. Kimboti woon nou in ’n kamp saam met baie ander ontwortteldes wat gereeld hulp van die globale liggaam van Christus ontvang. “Nou is ek gelukkig en ek kan glimlag,” het een hulpontvanger gesê. “Ek het kos om my kinders te voed en dit vul my hart met vrede.”



## Vorentoe na die Vuur

Toe oorlewendes 'n 8-jarige meisie in die as van 'n verbrande kerk gevind het, het hulle haar "*Divine Grace*" genoem, want dit was 'n wonderwerk dat sy oorleef het. Die meisie se ouers is in die brand dood, wat tydens 'n aanval op hul Christendorp in Augustus 2022 deur militante gestig is. Meeste mediese personeel het verwag dat die 8-jarige ook sou sterf; sy het brandwonde oor 48% van haar liggaam gehad. Maar die Christene wat haar uit die as gehaal het, het vir haar gebid en 'n dokter gesoek wat bereid was om haar te help. Die dokter wat ingestem het om haar te behandel, Justin Mandaboy, het gesê hy glo God het ingegryp om te help dat sy ses groot operasies oorleef het. "Dit is redelik maklik om haar te behandel, want sy is dapper," het hy gesê, "en sy is baie sterk. Ek het baie vertroue in haar vir die toekoms."



## Hoop vir Lewe

Militante in die DRK ontvoer en mishandel gereeld beide vroue en mans. Frontlinie-Werkers skat dat 40% van Kongolese vroue en 24% van mans slagoffers van seksuele geweld was. Margurette (foto bo) is deur ADF-vegters die oerwoud ingeneem en gedwing om te kyk hoe hulle haar twee broers met kapmesse doodmaak. Alhoewel sy uiteindelik ontsnap het, het die trauma veroorsaak dat sy nie daaroor wil praat nie. Maar ses maande van geestelike sorg en bemoediging van ander Christene wat weens hulle geloof gely het, het haar gehelp om te herstel. "God het my hoop gegee om te lewe," het sy gesê.

## God se Woord Genees Wonde van Oorlog

Die Kongolese bergdorpie, Tchabi, het onder ondenkbare geweld gely. Toe ADF-militante 'n reeks aanvalle in Mei 2019 geloods het, het hulle tientalle huise en geboue aan die brand gesteek; 'n skool, 'n kerk en 'n hospitaal vernietig; en uiteindelik 182 mense vermoor. Jare later het dorpenaars wat uit die gebied gevlug het begin terugkeer en hul lewens herbou. Hulle het ook die dorpie se kerkgebou gerestoureer, waar Frontlinie-Werkers Bybels uitgedeel het terwyl hulle aan die dorpenaars se emosionele en geestelike wonde bedien het. “Dit het my hart geraak deur te weet hoe om ons vyande te vergewe,” het die dorpshoof, wie se vrou in die aanval dood is, gesê.





## Stuur ‘n Nuwe Generasie

‘n Klein vliegtuig het op die dorp se afgeleë aanloopbaan geland, ‘n noemenswaardige gebeurtenis omdat dit die eerste was om oor jare te gebeur. Terwyl die vliegtuig se kosbare vrag afgelaai en versprei is, het dorpenaars spontaan en vreugdevol gespog.

Met hulp van die globale liggaam van Christus, beweeg ons Kongolese broers en susters in hoop vorentoe – deur die vuur – terwyl hulle vir Christus getuig, ongeag die koste.

# Gebedsdagboek Augustus/September 2024

**AUGUSTUS 2024**

| | | | |
|---|---|---|---|
| S | 18 | COMORE | Bid vir Bybelvertalers wat werk om God se Woord in moedertale beskikbaar te stel. |
| M | 19 | VIËTNAM | Bid vir Hmong Christene wat van die mees gewelddadige en wrede vorme van vervolging trotseer. |
| D | 20 | SRI LANKA | Bid vir Frontlinie-Werkers soos Malaramma wat baie mense met vrymoedigheid tot geloof in Christus lei. |
| W | 21 | MALEISIË | Bid vir Christene wat in heropleidingskampe gemartel is omdat hulle geweier het om na Islam terug te keer. |
| D | 22 | SAOEDI-ARABIË | Bid vir Christene wat in die geheim saam aanbid sonder kerkgeboue. |
| V | 23 | MALI | Bid vir Christenbekeerlinge uit Islam wat dikwels teistering van familielede en hulle gemeenskappe trotseer. |
| S | 24 | KIRGISIË | Bid dat Gelowiges sal "skyn soos ligte" deur met integriteit te lewe te midde van wydverspreide korrupsie (Filippense 2:14-16). |
| S | 25 | SOEDAN | Bid vir Frontlinie-Werkers wat op krisissituasies in konflikgebiede reageer. |
| M | 26 | BHOETAN | Bid dat Christene wat hulle bestaan weens hulle geloof verloor, God se voorsiening op 'n spesiale wyse sal ervaar. |
| D | 27 | TADJIKISTAN | Bid dat God se Woord, wat slegs in sommige stede beskikbaar is, op nuwe wyses toeganklik sal word. |
| W | 28 | COLOMBIË | Bid dat Frontlinie-Werkers wat Bybels in die "rooi sones" versprei, nie deur rebellegroepe opgemerk sal word nie. |
| D | 29 | NIGER | Bid vir Christene wat deur Islamiete van buurlande aangeval is. |
| V | 30 | INDONESIË | Bid vir die suksesvolle verspreiding van Bybels in gebiede van hewige vervolging. |
| S | 31 | ERITREA | Bid vir die redding van die land se leier, Isaias Afwerki, wat in Kommunistiese China gestudeer het. |

**SEPTEMBER 2024**

| | | | |
|---|---|---|---|
| S | 1 | JEMEN | Bid dat Christene sonder toegang tot gereelde gemeenskap, sal groei in hulle geloof en bemoediging sal vind. |
| M | 2 | KUBA | Bid vir nuwe maniere om gedrukte Bybels in die land te kry en die huidige tekort te verlig. |
| D | 3 | PAKISTAN | Vra die Here vir voorsiening en bemoediging vir Pakistanse Christene wat in gekontrakteerde diensbaarheid vasgevang is. |
| W | 4 | UGANDA | Bid dat Christenbekeerlinge uit Islam standvastig in hulle geloof sal bly wanneer hulle deur hul familie en gemeenskap vervolg word. |
| D | 5 | MEXICO | Bid vir God se beskerming en seën op 'n man-en-vrou span van Frontlinie-Werkers. |
| V | 6 | NOORD-KOREA | Bid vir die wysheid en oordeelkundigheid van Noord-Koreaanse Christene terwyl hulle hul geloof onder groot ondersoek beoefen. |
| S | 7 | INDIË | Bid dat Frontlinie-Werkers in staat sal wees om die Evangelie onder Indië se groot Moslembevolking te verkondig. |
| S | 8 | TURKYE | Bid vir Mustafa en Nazli terwyl hulle voorberei vir opleiding vir bediening in hulle kerk. |
| M | 9 | NIGERIË | Bid vir Pastor Emmanuel en sy vrou, Ladi, wat deur Islamiete ontvoer en later vrygelaat is. |
| D | 10 | BROENEI | Van die 9% wat Christene in Broenei is, is byna almal etniese Chinese. Bid dat hulle sal werk om Moslems te bereik. |
| W | 11 | LIBIË | Bid dat Libiërs vir Christus gewen sal word deur Anita Smith se boodskap van vergifnis teenoor haar man se moordenaars. |
| D | 12 | FILIPPYNE | Bid vir 'n Heilige Gees bemagtigde visie en dryfkrag om Moslems vir Christus te bereik. |
| V | 13 | NEPAL | Bid vir kerke wat ontwortel is of sukkel om te aanbid as gevolg van opposisie. |
| S | 14 | MAROKKO | Bid vir die krag en bemoediging van families van Christene wat in die tronk is. |

**VIR DONASIES OF BYDRAES - Christelike Sending Internasionaal Bankbesonderhede:**

**Nedbank**
Rek nr.: 1925-024946 (Tjek)
Takkode: 192505 (Bedfordview)

**Standard Bank**
Rek nr.: 02-249-5592 (Tjek)
Takkode: 018305 (Bedford Gardens)

**ABSA Bank**
Rek nr.: 909-861-7711 (Spaar)
Takkode: 632005 (Bedford Centre)

CSI | Posbus 7157, Primrose Hill, 1417 Suid-Afrika | Kantoor Tel: 010 777 0114 (8vm-1nm) | Kantoor Sel: **076-022-3336** (8vm-5nm)
E-pos: **cmi@vomsa.org of bianca@vomsa.org** | Webtuiste: **www.persecutionsa.org** | Facebook@cmivomsa | Instagram@cmi - vomsa

**Direkteure: Mnr A.B. Illman (Uitvoerend); Pastor R. Marsh; Mnr R. Keir;
Pastor J. Tucker; Mnr D. Kirton; Mnr C. Hutchinson**

**© Toestemming vir die herdruk van enige gedeelte van hierdie nuusbrief moet van Christelike Sending Internasionaal aangevra word.**